DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

21 Januarie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. M.P. Hendricks**	**Aand**	**Ds. M.P. Hendricks**
Sing vooraf	Ps. 24: 2	Sing vooraf	Ps. 134: 1, 2
Sing	Ps. 84: 1, 2	Sing	Sb. 1-1: 1, 6 (24)
	Ps. 8: 1(m), 2(v), 3(a), 4(a)		Sb. 10-2: 1 (28b / 59)
	Ps. 119: 63		Sb. 7-2: 1, 2 (69)
	Ps. 72: 2, 14		
Skriflesing	Lukas 15: 1-7	Skriflesing	Matteus 1: 22-23 Matteus 28: 1-10 en 16-20
Teks	Lukas 15: 8-10	Teks	Matteus 28: 20b
Tema	**Teruggevind...**	Tema	**Immanuel, God met ons**
Katkisasie-opening: Psalm 150: 1, 3			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Gemeente-kalender 2018

Die kalenders is beskikbaar by die deure, asook in die kerkkantoor. Ons versoek vriendelik dat u **slegs 1 eksemplaar per gesin** neem. Dit is ook in elektroniese formaat beskikbaar op ons webwerf (www.gkbellville.org).

GKSA Almanak 2018

Die almanak en dagstukkie-boek van die GKSA is in die kerkkantoor beskikbaar teen R95.00 elk. Plaas asseblief die kontant (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor.

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 14:5 e.v. / Aand: Handelinge 14:15 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

GELUKWENSING

Baie geluk aan ons matrikulante en studente van 2017 wat geslaag het. Ons is trots op julle en dankbaar dat God julle harde werk beloon het!

Die volgende egpare het gedurende die skoolvakansie ‘n verbondskindjie van die Here ontvang. Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

- Br. Coenie en sr. Christelle Basson
- Br. Eugene en sr. Ilse Beyers (Internet-wyk). Geluk ook aan die grootouers, br. Gustaaf en sr. Istelle Costerus

Br. Jakobus en sr. Tillie Wüst het ‘n kleindogter ryker geword! Sy is die verbondskindjie van br. Burger en sr. Hildegarde Badenhorst, wat voorheen in ons gemeente was.

Br. David Myburgh en sr. Yolandé Briel het verloof geraak. Geluk ook aan Yolandé se ouers, br. Piet en sr. Hester Briel. Mag dit ‘n geseënde tyd in julle lewens wees.

Br. Juan en sr. Jeany Groenewald is 16 Desember 2017 in die huwelik bevestig. Ons bede is dat God jul huwelik ryklik mag seën!

GEVANGENISBEDIENING

Lidmate uit die Gereformeerde Kerke in Pretoria bied vanoggend ‘n inligtingsessie aan om vir ons meer te vertel van hulle werk by **Crossroads Prison Ministries** en hoe u betrokke kan raak. Hulle wil DV ‘n tronkbedieningsprogram ook in die Kaap begin.

HUISBESOEK

Wyk **Goodwood** (oudl. Gert Swanepoel) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE

Katkisasie klasse begin vanoggend direk na die erediens. Ons bede is dat die Here hierdie jaar se lesse mag seën en aan die kategete en ouers die nodige insig en wysheid sal skenk vir hierdie groot taak van ons verbondskinders se geloofsopvoeding.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Coenie en sr. Christelle Basson se baba-seuntjie wat vroeg gebore is en nog ‘n tyd lank in die hospitaal sal moet bly
- Sr. Anna Kruger wat in Tygerberg Hospitaal opgeneem is vir asemnood
- Br. Ben Vorster wat ‘n heup-operasie ondergaan het en tans aansterk in Panorama Medi-Clinic

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

RCSS Mini Market

Date: Saturday, 3 February 2018 Time: 09h00 – 13h30
Place: Scout’s Hall, Lea Road, Rondebosch

POTJIEKOS KOMPETISIE

Die Susters beplan ‘n gemeente-byeenkoms in die vorm van ‘n potjiekos-kompetisie op DV **Saterdag, 17 Februarie.** Meer inligting volg binnekort.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons is weer goed op dreef vir die belanning vir al die aksies in 2018! Indien jy belangstel om deel te vorm van Skiereiland vir Christus, is daar verskeie maniere hoe jy kan betrokke wees:

- As groepleier by die aksies
- Om toebroodjies te maak
- Aktiwiteite aan te bied
- Kinders te vervoer
- Saam te kom kamp (4 - 8 April 2018)
- Katkisasie vir die kinders by Laerskool De Waveren aan te bied op 'n weeklikse basis

Ons benodig persone met verskillende gawes om van Skiereiland 'n sukses te maak. Vir meer inligting kontak asseblief vir sr. Jana de Bruyn of sr. Elré Gerber, of skryf jou naam op die lys in die konsistorie.

Ons benodig ook nog 'n paar lidmate se talente om vir ons aksies aan te bied. Ons fokus vir aksies is: 1) kindervriendelike aksies en 2) aanleer van lewensvaardighede.

Moontlike aksies wat deur die groepleiers uitgewys is as probleem areas is die volgende:

- Hantering van boeliegedrag
- Selfverdediging
- Liggaam as beeld van God / eetgewoontes / molestering
- Geld – hoe hanteer ek my geld?
- Dwelmmisbruik
- Paraatheid / veiligheid in 'n bende-omgewing
- Misbruik van tegnologie / sosiale media

Indien u geroepe voel om u talente en gawes aan te bied, kontak asseblief vir sr. Magda Groot. Sy sal vir u riglyne gee van wat van u verwag word, asook 'n datum vir 2018.

3. SUSTERS

DAGBOEK

Woensdag, 8 Februarie: Sustersbestuur vergadering om 19h00
Woensdag, 28 Februarie: Kwartaalvergadering om 19h00 – alle wyksusters en sameroepers moet asseblief moeite doen om hierdie belangrike vergadering by te woon.

JAARPROGRAM 2018

Die Sustersbestuur vra die sameroepers van die onderskeie komitees om asseblief die beleid, doelstellings en riglyne van hul betrokke komitee teen **31 Januarie 2018** per e-pos te stuur aan judy.venter@mweb.co.za

SAAMTREK 2018

Die susters van Gereformeerde Kerk Elsiesrivier nooi u hartlik uit na die saamtrek op DV **Saterdag, 10 Maart 2018** te Goodwood. Die koste beloop R100 en die tema is *Skuil onder God se vleuels*. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal, indien u die geleentheid wil bywoon. Plaas die kontant (in 'n gemerkte koevert) in die Kassiere kassie of doen 'n EFT met die verwysing: SAAMTREK+naam. **Inskrywings sluit 4 Februarie 2018**.

TEESKINKBEURTE

Hierdie jaar word die teeskinkbeurte nie meer volgens wyke ingedeel nie. Susters word ingedeel in groepe en sal gekoördineer word deur 'n sub-komitee van die Sustersbestuur. Lyste sal per e-pos versprei word, asook op die Susters aansteekbord in die teedrinklokaal aangebring word.

Vandag: Sustersbestuur
Volgende Sondag: Srs. **Istelle Costerus,** Hilde Coetzee, Marie-Louise de Koker, Judy Lottering, Kotie Reynecke, Joany Rogers, Julia van Wijk, Judy Venter
Woensdag 24/01 (Diakonie): Srs. **Nicolette Costerus**, Syntyché de Waal, Adriana Joubert, Jacqueline Meijering

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Dick van der Wilt, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard, **Eduard Roos**
Volgende week: Brs. Pieter van Niekerk, Piet Reyneke, Dewald Costerus, Cobus du Plessis

Ouderlinge
Vandag: Brs. Willem de Haan, Peet van der Walt, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald
Volgende week: Brs. Mark Lyons, Cassie Bester, Ben van der Walt, Piet Aucamp

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Jacobus Venter, Paul Swart
Volgende week: Brs. Jakobus Wüst, Lawrence Lombard

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Januarie: 22/01 Goodwood, 29/01 Monte Vista
Februarie: 12/02 Panorama, 26/02 Parow-Noord
Maart: 12/03 Glenlily, 26/03 Parowvallei

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Skiereiland vir Christus	Ouetehuise in kerkverband
By die deure:	Bybelverspreiding deur katkisante	Bolandse Bedieningsfonds

TOERUSTING VIR OUDERLINGE EN DIAKENS
Daar vind op DV **Saterdag, 27 Januarie om 09h00** 'n toerustingsgeleentheid plaas vir die ouderlinge en diakens by ons kerkgebou. Die tema is *Huisbesoek deur die ouderling en diaken*.

VERGADERINGS
Katkisasie Kommissie
Vanaand na die erediens in die konsistorie
Diakonie
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Marietjie Kruger
22/01	Sr. Miems Swanepoel
23/01	Br. Willem de Villiers Sr. Susann du Plessis Sr. Magda Mostert
24/01	Sr. Christelle Basson Br. Jaco Coetsee Br. Thinus Hendricks Br. Ben Swanepoel Aneli van der Walt (17 jaar) Hannah Visser (9 jaar)
25/01	Sr. Rika Steyn
27/01	Br. Werner Aucamp Br. Ian Snyman Sr. Judy Venter

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za